21 Februarie 2021

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Genesis 9:8-17

wat wil jy vandag **bereik?**

God is aan ons kant. Reënboë herinner ons en God daaraan.

ons **storie:** waar is ons nou?)

Noag en die ark vertel van 'n vloed wat alles verwoes het. Watter dinge lyk vandag of dit verwoes kan word? Hoekom lyk dit so?

Sal ons nog 'n verskil probeer maak as dit lyk asof dit in elk geval nie gaan help nie? Hoekom sê jy so?

s **storie**

die e

Kyk d d **upa Abie video** d

k d

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Teken verskillende reënboë. Julle kan ook vir elke kind een kleur gee, dan maak julle saam een groot reënboog. Elkeen gebruik net een of twee kleure.

Hoe help Oupa Abie jou om Genesis 9:8-17 te verstaan?

Vir wie is die reënboog 'n herinnering? Vir ons? Vir God? Altwee? (Vers 14-16)

Dink julle dit gaan net oor water? Of beteken dit God sal nooit weer die aarde oorgee aan totale chaos wat alles verwoes nie?

Die belofte in hierdie verse is nie net vir mense nie. Dit is 'n verbond met al wat lewe. Wat dink jy daarvan?

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Waaraan sal jy volgende keer dink as jy 'n reënboog sien?

Watter goeie nuus gee God se beloftes in Genesis 9 ons?

As hierdie beloftes VIR ALLES WAT LEWE bedoel is, wat vra dit van ons?

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

Bid vir 'n nuwe begin vir diegene wat dit nodig het.

Vra God om ons te help om te herbou en lewe te bring waar dit nodig is.

Sê dankie dat God se bedoeling met ons goed en mooi is.